

Woensdag 26 September

Skrifgedeelte: Rigters 18:1-31

Fokusgedeelte: Rigters 18:4-6, 24

God roep ons deur Christus

Die boek Rigters vertel die herhalende verhale van Israel se ongehoorsaamheid en morele verval weens afgodediens. In die tyd van hoofstuk 18 het hulle geen rigter gehad nie. Hier is twee rolspelers: die dief en afgodsdienaar Miga, en sy sogenaamde priester Jonatan. Met sy valse en selfsugtige profesie (:4-6) lei Jonatan die ontevrede en ongehoorsame stam Dan deur roof, moord en plundering van die stad Lajis na uiteindelijke verval in ballingskap (:30, 31).

Miga verklap sy geestelike armoede in vers 24: “Wat het ek nou oor?” Sonder sy afgode het hy geen veiligheid, beskerming of redding soos met ’n lewende God nie. Ons leer dat eie, selfsugtige belange en sondige daade tot jou ondergang lei. Om dooie afgode te dien, is tevergeefs, raak later ’n las en veroorsaak jou dood.

Vers 24 is die draaipunt. Teenoor die valse profete en leegheid van die afgodsdienaars het ons alles in Jesus Christus. Sy Gees loop oor in ons. Hy is die ware, goeie Herder (Joh. 10:11). Hy vat niks nie, maar gee Homself aan ons deur sy sterwe aan die kruis. Daarom loop die pad wat Hy vir ons aandui, na die ewige lewe by God.

God belowe ook dat Hy ons sal dra. Mense moet afgode as ’n las rondra, maar die ware God dra jou deur al die laste wat die lewe op ons pad kan plaas (Jes. 46:1-4).

Sing: Psalm 73-1:12

Ds. LJ (Louis) Buys (Benoni)